

Stry vir die Geloof

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B 80b
Skriflesing uit Judas: 1-7

Kernvers:3- 'Geliefdes, terwyl ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe, het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe te vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.'

Om te stry vir die geloof.....u sal met my saamstem dat dit 'n ernstige saak is! Dan vra ek myself af: is ek ernstig hieromtrent? Stry ek werklik vir die geloof?

As ons kyk na die profete, die apostels, ons Here Jesus en baie ander – dan sien ons die prys wat hulle betaal het daarvoor. Hoe vergelyk ons lewens met hulle sin? Ons sal moet erken dat ons nog ver tekort skiet , maar nie dat ons sal gaan lê nie, maar sal opstaan in die krag van die Heilige Gees soos Christus ons tot alles in staat stel in en deur Hom.

Die mens is altyd opsoek na egtheid – geen namaaksel kan ons tevrede stel nie, want God het ons so geskape. Elkeen van ons het 'n innerlike smagting na God en daarom sal Hy dit vir ons gee as ons opreg na Hom soek, sal Hy Homself deur ons laat vind en daardie verlange na Hom vervul.

God het die mens geskape vir Homself – die natuur, die son en die maan en die uitpansel het God geskape vir die mens. Maar die mens het Hy vir Homself gemaak....daarom dat die mens alleenlik vervulling kan kry in 'n verhouding met God. In God alleen sal daar harmonie wees op elke vlak van die mens se lewe – liggaamlik, emosioneel en maatskaplik. Dit is waarom Jesus gekom het – om daardie verhouding te herstel.

Dit is die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is, en daarom moet ons daarvoor stry!

Kom ons kyk hoe het die heiliges daarvoor gestry in Filippense 1:27- 'Alleenlik, gedra julle waardig die evangelie van Christus, sodat , of ek kom en julle sien dan wel of ek afwesig is, ek van julle omstandighede kan hoor dat julle in een gees vasstaan en, een van siel, saam stry vir die geloof van die evangelie.'

Paulus verklaar in II Tim.4:6-8 dat hy die goeie stryd gestry het, die geloof behou het en die wedloop voleindig het en dat hy weet dat daar 'n kroon vir hom weggeleë is wat die Here eendag vir hom sal gee...so ook vir elkeen van ons wat die geloof behou tot die einde toe!